

Kom ervaar die beste brood en wyn

Skriflesing: Spreuke 9: 1 - 18

Teksvers: Spreuke 9: 5

1. Inleiding

Vanoggend word ons stil hier bymekaar in ons voorbereidingsdiens met die oog op die sakrament van die heilige Nagmaal volgende week. En een gedagte wat altyd uitstaan by 'n voorbereidingsdiens, is die gedagte van 'n uitnodiging. Met dit in gedagte stel ons teksgedeelte nie teleur vanoggend nie. Daar is 'n duidelike uitnodiging in ons teksvers, vers 5: "Kom eet julle van my brood en drink van die wyn wat ek gemeng het.

Skielik tref ons twee bekende elemente aan, brood en wyn. Ons tref ook 'n bekende uitnodiging aan. "Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem²⁴en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."²⁵Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."

Maar hoe kom hierdie bekende nagmaalsuitnodiging uit 1 Korintheërs 11, dan by die uitnodiging van Wysheid

in ons teksgedeelte. En die eerste ooreenkoms wat ons ervaar, lê in die figuurlike en geestelike betekenis van die inneem van hierdie elemente. Die brood en wyn in ons teksvers is soveel meer as 'n fisiese maaltyd. Dit is voedsel wat die ware kennis kan bring. Sien u al die verband met die elemente uit die hande van Jesus Christus in 1 Korintheërs 11? Daardie selfde hande wat deurboor is met die spykers van die kruis. Daar waar liefde en genade wat ons verstand en begrip te bowe gaan ons deel geword het.

2. Voeding by die regte adres

Die eerste aanvoeling dat ons hier met iets figuurlik besig is, kry ons al in die adres van die maaltyd. Die maaltyd in ons teksvers vind plaas aan huis van vrou wysheid. En alhoewel daar vandag nog vroue is met die naam Sophia, moet ons eers 'n tree of wat terug neem. Eerstens waarom praat ons van vrou wysheid, terwyl ons in die teksgedeelte net lees "Die Wysheid" of "Wysheid". Wel die eerste antwoord hierop is die geslag van die woord wysheid in die oorspronklike Hebreeuse teks. Hierdie geslag is vroulik en daarom bestaan hierdie getroue vertaal moontlikheid wel. Maar waarom is die geslag van wysheid wat hier beskryf word dan vroulik?

Wanneer ons vanuit 'n verbondsteologie oogpunt hierna kyk maak dit heeltemal sin. Soos ons al verskeie maal in die verlede gesê het, is daar iets van die beeld van die huwelik in die verbond. Die volk word as die bruid van God uitgedruk. Hierdie bruid moet wysheid bekom, maar ook wysheid gaan leer aan ander. Wysheid is uiteindelik daardie hulp wat 'n mens suksesvol en tot eer van die Here alleen deur hierdie lewe kan neem. Wysheid is soos die vrou wat as helper vir die man geskape word in Genesis 2.

Dit bring ons by die eienaam Sophia. Sofia beteken letterlik wysheid in Grieks. Die oorspronlike Hebreeus is dan ook met Sophia in grieks vertaal in die oudste Griekse vertaling van die Ou Testament. Van daar die verbintenis tussen Sophia en die konsep wysheid. Maar dit is steeds abstrakte teologiese konsepte wat tot vandag toe nie 'n fisiese persoon gekoppel word nie. Die regte adres vir deelname aan 'n maaltyd wat wysheid kan bring is dus ook meer 'n geestelik adres as 'n fisiese adres. Die regte adres is figuurlik soos in ons teksgedeelte vanoggend. Tog is die regte adres steeds net so belangrik vandag.

3. Goeie brood en wyn

Die sentrale fisiese elemente in ons tekvers is brood en wyn. Presies dieselfde fisiese elemente wat ons vandag nog op die nagmaalstafel aantref. Alhoewel die brood en wyn vandag nog gewone middele is wat

ons sommer by die plaaslike kruideniers winkel koop, is daar steeds iets eerlik. Die eerlikheid lê juis in die eenvoud en alledaagsheid daarvan. Die eerlikheid lê in die boodskap en dit wat deur hierdie brood en wyn gesimboliseer word.

In ons teksgedeelte is hierdie brood en wyn die voedsel wat kennis verskaf. Die uitnodiging is juis in vers 4 aan mense wat honger na kennis. Maar daar is 'n belangriker band wat raakgesien moet word. In vers 6 word verwys na lewe, lewe wat ander kant die onkunde lê. Lewe wat verkry word wanneer die kennis in die brood en wyn die onkunde vervang.

Dit is presies wat ons ook sien wanneer ons Here Jesus Christus daar in die bokamer Sy dissipels uitnooi om van die brood en wyn te eet. Alledaagse middele wat uiteindelik die tekens en seëls van soveel meer is. Die liggaam van Christus wat vir ons geoffer word tot 'n volkome versoening van al ons sonde. Daardie liggaam wat sterwe sodat ons die lewe kan hê, die ewige lewe.

Die brood en wyn in ons teksgedeelte en in 1 Korinthiërs 11 gee nie voor om iets anders te wees nie, dit is werklik die beste brood en wyn wat ingeneem kan word. Want dit is die teken en seëls wat die waarheid van vers 10 bely: ¹⁰“Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand.” Daarom bring

ons ook die uitnodiging in ons teksvers in verband met die bekende uitnodiging in 1 Korinthiërs 11.

4. Die ander uitnodiging

Maar daar is ook 'n ander uitnodiging. Dit is hierdie saak wat ons teksgedeelte in twee gedeeltes verdeel by die begin van vers 13. Vers 13 begin met die beskrywing van vrou dwaasheid. En wat dan volg is die teenoorgestelde van alles wat ons tot nou toe bestudeer het. Hier is ook 'n uitnodiging maar nie spesifiek uitgestuur deur bediendes nie. Nee hier word enige iemand wat verbygaan sommer openlik nader geroep. Amper presies soos wat straatvroue vandag nog adverteer en kliënte nader roep. Want uiteindelik is die saak van gesteelde water in spreuke, juis 'n verwysing na seksuele onkuisheid of ontrouheid.

Maar wat meer opvallend is, is die geheim en die leuen. “¹⁷Gesteelde waters is soet, en brood in die geheim geëet, is lekker.” lees vers 17. Ons sien iets van Dawid se poging om sy ontouheid met Batseba weg te steek of Akan wat van die bangoed steel in die geheim. Of Ananias en Saffira wat van die verkoopprijs in die geheim terughou. Die leuen van die bouse bly deur die eeue dieselfde. Kom doen sonde hier eenkant in die geheim, niemand sal weet. Hierdie verbode vrugte, hierdie gesteelde water is soet en lekker. Maar die uiteindelik besef die deelnemers aan hierdie maaltyd nie dat

hulle alreeds aansit aan die banket in die dood nie.

Vandag nog sien ons hierdie uitnodigings steeds raak in die geloof. Daardie trekkrag wat 'n gemeente met 'n groot lidmaat getal het. Want daar sal niemand maklik kan agterkom indien ek nie heeltemal daar is nie. Nie altyd my kant bring nie. Tog word dit uiteindelik juis die pad na die doodgaan van my geloof. Maar daar is vanoggend 'n ander pad, 'n uitnodiging na 'n ander pad. Kom luister na vrou wysheid. Kom aanvaar ook die kerk se uitnodiging na die sakrament van die Heilige Nagmaal volgende Sondag.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met verwysing na die nagtafel. Die nagmaalstafel is waarlik die tafel van wysheid. Die nagmaalstafel is werklik goed voorberei met die beste spys en drank. Ons Here Jesus Christus word die brood van die lewe soos wat Johannes 6:15. Daarom weet ons dan die voorbereidings kan nie beter wees nie.

Verder kan ons kyk na die toegang tot die nagmaalstafel. Die nagmaalstafel is nie sommer oop en algemeen nie. Daarvoor is dit te heilig. Tog kan ons nie op ons eie enigsins toegang tot die nagmaalstafel verkry nie. Ons het net toegang omdat ons in Christus gered is uit die dood van ons sondes. Daarom wanneer ons openlik ons geloof bely.

Wanneer ons bely dat die Heilige Gees hierdie Heiligs kennis in ons gewerk het, dan kan ons gaan aansit aan die nagmaalstafel.

Laastes sit ons nie aan as 'n beloning vir ons groot geloof nie. Daarom is daar ook geen ereplekke aan ons nagmaalstafel nie, behalwe vir ons Here Jesus Christus wat altyd die hoof en leier van die kerk sal bly. Maar ons is soos die mense in vers 4 en 16 wat nog moet leer. Want nog moet groei in die ware wysheid. En dit is juis hoekom ons aansit aan die tafel van die Here. Hoekom ons ook wil gehoor gee aan die uitnodiging van vrou Wysheid. Ons smag na hierdie ware wysheid. "10Wysheid begin met die dien van die Here". Laastens bely ons ook met die viering van die Nagmaal dat ons met verlange uitsien om hiervan na die Hemel te gaan. Om ons aardse tentwonings agter te laat en op te vaar na die Vader in die Hemel. Kom ervaar volgende Sondag, hoe ons ook aan die tafel van wysheid, met die beste brood en wyn gevoed word.

Amen